basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## NOVEMBER 2013

## MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 32 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

**1.1 Die volgende Leeruitkomste en Assesseringstandaarde sal in hierdie vraestel geassesseer word:**

| LEERUITKOMSTE | ASSESSERINGSTANDAARDE<br><br>LEERDERS KAN DIE VOLGENDE DOEN: |
|---|---|
| **Leeruitkoms 1**<br><br>**(Geskiedkundige ondersoek)** | 1. Formuleer vrae om begrippe vir ondersoek binne die konteks waarvan wat bestudeer word, te ontleed. **(Nie vir eksamendoeleindes nie.)**<br><br>2. Verkry toegang tot 'n verskeidenheid toepaslike inligtingsbronne om ondersoek te doen. **(Nie vir eksamendoeleindes nie.)**<br><br>3. Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne.<br><br>4. Bestudeer inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inbegrip van stereotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis. |
| **Leeruitkoms 2**<br><br>**(Geskiedkundige begrippe)** | 1. Ontleed geskiedkundige begrippe as maatskaplike boustene.<br><br>2. Ondersoek en verduidelik die dinamika van veranderende magsverhoudinge binne die samelewings wat bestudeer word.<br><br>3. Vergelyk en kontrasteer die interpretasies en sieninge van gebeure, mense se optrede en veranderings om sodoende onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure. |
| **Leeruitkoms 3**<br><br>**(Vertolking van kennis en kommunikasie)** | 1. Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistiek omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk krities.<br><br>2. Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument saam te stel met behulp van bewyse uit bronne om die argument te steun.<br><br>3. Handhaaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met behulp van getuienis wat verskaf word en onafhanklik verkry word.<br><br>4. Dra kennis en begrip op verskillende maniere oor, insluitend besprekings (geskrewe en mondelings) debat, skep van 'n historiese skryfstuk deur die gebruik van verskillende genres, navorsingsopdragte, visuele voorstellings en mondelinge aanbiedings. |

Kopiereg voorbehou 

**1.2 Die volgende vlakke vrae word gebruik om brongebaseerde vrae te assesseer:**

| VLAKKE VAN BRONGEBASEERDE VRAE | |
|---|---|
| **VLAK 1 (V1)** | • Onttrek toepaslike inligting en data uit die bronne.<br>• Organiseer die inligting logies.<br>• Verduidelik geskiedkundige begrippe. |
| **VLAK 2 (V2)** | • Kategoriseer geskikte of toepaslike inligtingsbronne wat verskaf word om die vrae wat geopper word, te beantwoord.<br>• Ontleed die inligting en data wat uit 'n verskeidenheid bronne versamel is.<br>• Evalueer die inligtingsbronne wat verskaf word om te besluit of die bronne geskik is vir die taak. |
| **VLAK 3 (V3)** | • Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne.<br>• Ondersoek inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inagneming van stereotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis.<br>• Ontleed geskiedkundige voorstellings as maatskaplike konstruksies.<br>• Ondersoek en verduidelik die dinamiek van veranderende magsverhoudings binne die aspekte van samelewings wat bestudeer word.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en sienings van mense se optrede of gebeure en veranderings om onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure.<br>• Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistieke dalk omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk krities. |

**1.3 Die volgende tabel dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- By die toekenning van punte moet aandag gegee word in hoe 'n mate daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- By die nasien riglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursief gedrukte skrif aangedui.

## 2. UITGEBREIDE SKRYFWERK

### 2.1 Die uitgebreide skryfwerk fokus op een van die volgende vlakke:

| VLAK VAN VRAAG |
|---|
| **Vlak 1**<br>• Bespreek of beskryf volgens 'n gegewe argument wat in die uitgebreideskryfwerk-vraag uiteengesit word.<br>• Beplan en konstrueer 'n argument op grond van getuienis en gebruik die getuienis om 'n slotsom te bereik. |
| **Vlak 2**<br>• Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument te bou en gebruik getuienis om die argument te steun.<br>• Staaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met getuienis.<br>• Skryf duidelik en samehangend wanneer jy die argument saamstel. |

### 2.2 Nasien van uitgebreide skryfwerk

- **NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE WAT BY 'N SPESIFIEKE SENTRUM GEBRUIK IS.**
- **KANDIDATE MAG ENIGE ANDER TOEPASLIKE INLEIDING EN/OF SAMEVATTING HÊ AS DIT WAT INGESLUIT IS BY 'N RIGLYN VIR NASIEN VAN 'N SPESIFIEKE OPSTEL.**
- **BY DIE ASSESSERING VAN DIE OOP BRONGEBASEERDE VRAE MOET KANDIDATE KREDIET KRY VIR ENIGE ANDER RELEVANTE ANTWOORD.**

**Globale assessering van uitgebreide skryfwerk**

Die uitgebreide skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die opvoeder die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n hoë punt te behaal nie. Dit sal leerders ook ontmoedig om 'modelantwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet vir leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag

**Assesseringsprosedures by uitgebreide skryfwerk**

1. Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2. Tydens die eerste deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt (bullet) in die nasienriglyne), vir elke hoofmoment (aangedui met 'n kolpunt), 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt), bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

3. Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

| | |
|---|---|
| • Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie | ^ |
| • Verkeerde stelling | ____________ |
| • Irrelevante stelling | \|<br>\|<br>\|<br>\| |
| • Herhaling | **R** |
| • Analise | **A**√ |
| • Interpretasie | 1√ |

4. Die matriks

4.1 **Die gebruik van 'n analitiese matriks vir die assessering van uitgebreide skryfwerk (verwys na bl. 7)**

By die nasien van uitgebreide skryfwerk met verwysing na bl. 7, moet die gegewe kriteria in die matriks gebruik word. Beide die inhoud en die aanbieding moet in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

4.1.1 Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| I | VLAK 4 | |
|---|---|---|
| | | |

4.1.2 Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| I | VLAK 4 | |
|---|---|---|
| A | VLAK 5 | |

4.1.3 Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| I | VLAK 4 | 18-19 |
|---|---|---|
| A | VLAK 5 | |

4.2 **Gebruik van holistiese rubriek vir nasien van uitgebreide skryfwerk (verwys na bl. 7)**

Die gegewe rubriek wat inhoud en aanbieding in ag neem, moet gebruik word by die nasien van uitgebreide skryfwerk.

| I en A | VLAK 5 | 18 - 20 |
|---|---|---|

## GRAAD 12 ANALITIESE MATRIKS VIR UITGEBREIDE SKRYFWERK: PUNTETOTAAL: 30

| AANBIEDING<br><br>INHOUD | VLAK 7<br>Baie goed beplan en gestruktureer. Goeie sintese van inligting. Goed gebalanseerde argument is ontwikkel. Argument deurgaans volgehou en verdedig. | VLAK 6<br>Goed beplan en gestruktureer. Sintese van inligting. Goed gebalanseerde oorspronklike, onafhanklike argument ontwikkel. Gebruik getuienis om die argument te ondersteun. | VLAK 5<br>Goed beplan en gestruktureer. Ontwikkel duidelike argument. Oorspronklike slotsom bereik op grond van getuienis. Getuienis gebruik om argument te ondersteun. Kom tot onafhanklike slotsom. Gebruik getuienis om gevolgtrekking te ondersteun. | VLAK 4<br>Argument beplan en gestruktureer. Getuienis gebruik om argument te ondersteun. Slotsom op grond van getuienis Skryfwerk gestruktureerd | VLAK 3<br>Argument beplan en gestruktureer. Sommige getuienis gebruik om argument te ondersteun. Slotsom nie duidelik ondersteun deur getuienis nie. | VLAK 2<br>Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend/ poging om argument te ontwikkel. | VLAK 1<br>Min sprake van analise en geskiedkundige verduideliking. Antwoord glad nie gestruktureerd nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7**<br>Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudseleksie ten volle relevant tot gedagterigting/ argument wat gevolg is. | 27-30 | 24-26 | | | | | |
| **VLAK 6**<br>Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot gedagterigting/ argument wat gevolg is | 24-26 | 23 | 21-22 | | | | |
| **VLAK 5**<br>Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | | 21-22 | 20 | 18-19 | | | |
| **VLAK 4**<br>Vraag herkenbaar in antwoord. Gebreke ten opsigte van inhoud/ irrelevante inhoudseleksie. | | | 18-19 | 17 | 15-16 | | |
| **VLAK 3**<br>Inhoudseleksie hou nie altyd verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 15-16 | 14 | 12-13 | |
| **VLAK 2**<br>Inhoud skraal. Vraag ontoereikend beantwoord. | | | | | 12-13 | 11 | 9-10 |
| **VLAK 1**<br>Vraag nie beantwoord nie. Inhoud ontoereikend. Heeltemal irrelevant. | | | | | | 9-10 | 0-8 |

**GRAAD 12 HOLISTIESE MATRIKS OM UITGEBREIDE SKRYFWERK TE ASSESSEER DEUR DIE GEBRUIK VAN EIE KENNIS. TOTALE PUNTE: 30**

| VLAK | Indien die kandidaat **alle of die meeste van die vaardighede op 'n spesifieke vlak gedemonstreer het, sal die punt relevant tot die kategorie aan hom/haar toegeken word.** |
|---|---|
| **7**<br>**Uitstekend**<br>**80–100%**<br>**24–30**<br>**[Uitstekend]** | Fokus deurgaans op onderwerp – demonstreer 'n logiese en samehangende progressie tot slotsom<br>Duidelike begrip van die bronne<br>Gebruik alle bronne of die meeste daarvan en eie kennis<br>Selekteer relevante bronne<br>Haal selektief aan<br>Groepeer bronne (nie noodsaaklik nie, maar behoort nie 'n lys bronne neer te skryf nie)<br>Demonstreer agtergrondkennis oor die bronne<br>Waar van pas, word teenargumente volledig bespreek<br>Verwys korrek na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperkings van bronne<br>Druk hom-/haarself duidelik uit<br>Eindig met duidelike fokus op die onderwerp – neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/oorspronklike slotsom) |
| **6**<br>**Verdienstelik**<br>**70–79%**<br>**21–23**<br>**[Baie goed]** | Wend goeie poging aan om konsekwent te fokus op onderwerp, maar argument verloor soms fokus<br>Duidelike begrip van die bronne<br>Gebruik alle bronne of die meeste daarvan en eie kennis<br>Selekteer relevante bronne<br>Haal selektief aan<br>Goeie gebruik van relevante bewyse uit bronne<br>Poog om teenargument te oorweeg<br>Poog om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne<br>Goeie uitdrukking<br>Eindig met duidelike fokus op die onderwerp – neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/ oorspronklike slotsom) |
| **5**<br>**Substantief**<br>**60–69%**<br>**18–20**<br>**[Goed]** | Poog om te fokus op die onderwerp, maar argument het tekortkominge<br>Begryp die meeste van die bronne<br>Gebruik die meeste van die bronne en eie kennis<br>Selekteer relevante bronne<br>Uitdrukking goed, maar daar is foute<br>Tekort aan diepte in oorhoofse fokus, en verwys nie na een of meer relevante bronne nie<br>As toepaslik, poog om teenargument te oorweeg.<br>Oppervlakkig of geen poging om 'n relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperktheid van bronne te verwys nie<br>Poog om standpunt in te neem (fokus op beperkings, ens.) om onafhanklike gevolgtrekking te maak. |
| **4**<br>**Gemiddeld**<br>**50–59%**<br>**15–17**<br>**[Bevredigend]** | Poog om op onderwerp te fokus, maar argument verloor dikwels fokus<br>Gemiddelde begrip van die meeste van die bronne<br>Gemiddelde gebruik van relevante getuienis uit die bronne en eie kennis<br>Gemiddelde poging om teenargument te oorweeg<br>Gemiddelde poging om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne<br>Uitdrukking bevredigend<br>Wend poging aan om standpunt in te neem, maar ernstige gebrek aan skakel met res van opstel<br>Skryfwerk mag neig om bronne te lys en fokus daaraan te haak |
| **3**<br>**Toereikend**<br>**40–49%**<br>**12–14**<br>**[Redelik]** | Geringe poging om te fokus op die onderwerp<br>Min begrip van die bronne<br>Sukkel om relevante inligting en eie kennis uit die bronne te lig<br>Geen aanhalings nie – of oor die algemeen irrelevant<br>Wend geringe poging aan om teenargumente te oorweeg<br>Bronne word gelys<br>Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie<br>Geringe uitdrukking<br>Geringe poging om standpunt in te neem (sukkel om tot 'n onafhanklike slotsom te kom) |
| **2**<br>**Elementêr**<br>**30-39%**<br>**09–11**<br>**[Swak]** | Kan nie op onderwerp fokus nie<br>Kan nie relevante bronne identifiseer nie en beperkte gebruik van eie kennis<br>Geen aanhalings nie – of meestal irrelevant<br>Poog glad nie om teenargument te oorweeg nie<br>Skryfwerk bloot 'n lys van bronne<br>Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie<br>Baie swak uitdrukking<br>Swak poging om standpunt in te neem, indien enige |
| **1**<br>**Nie behaal nie**<br>**0–29%**<br>**0–8**<br>**[Baie swak]** | Geen poging om op die onderwerp te fokus nie<br>Maak glad nie gebruik van bronne nie<br>Gebruik nie eie kennis nie<br>Heeltemal irrelevant<br>Skryf bron direk oor<br>Antwoord uiters swak |

**VRAAG 1: HOE HET DIE VAL VAN KOMMUNISME IN DIE USSR POLITIEKE VERANDERINGE IN SUID-AFRIKA IN DIE 1990's BEÏNVLOED?**

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van inligting uit Bron 1A– V1 – LU1 (AS3 en 4)]*

- Glasnost/ maak voorsiening vir politieke deursigtigheid/oop vir kritiek
- Perestroika/ ekonomiese herstrukturering (2 x 1) (2)

1.1.2 *[Verduideliking van historiese konsepte uit Bron 1A – V1 – LU2 (AS1)*

- 'n Staat van internasionale spanning en vyandigheid tussen die Sowjetunie en die Verenigde State van Amerika/ ideologiese oorlog
- 'n Oorlog wat gegrond was op propaganda en die bedreiging van kern oorlogvoering eerder as vegtery
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.3 *[Onttrekking van inligting uit Bron 1A– V1 – LU1 (AS3 en 4)]*

- Oos-Europese lande het weggebreek van die Sowjetunie
- Het die Berlynse Muur afgebreek
- Oos-Europese lande het vir demokrasie voorberei
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 1) (2)

1.2

1.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit die spotprent in Bron 1B – V2 –LU1(AS3 en 4), LU2 (AS2); LU3 (AS2)]*

- Sowjetunie het disintegreer soos getoon word deur die gedisintegreerde hamer en sekel
- Gorbachev is magteloos om hierdie disintegrasie te keer soos 'n mens aan sy lyftaal kan sien
- Die Oosbloklande breek weg van die Sowjetunie soos geïmpliseer deur die gedisintegreerde hamer en sekel
- Die instelling van nuwe hervormings gee aanleiding tot die val van kommunisme
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.2 *[Interpreteer en evalueer Bron 1B – V2 - LU1 (AS3)]*

**'n Blote stelling van 'ongelukkig' of 'gelukkig' as 'n antwoord is nie voldoende vir vol punte nie omdat kandidate hulle antwoord moet ondersteun**

- Die VS kon gelukkig wees omdat dit die beëindiging van kommunisme beteken het
- Die stryd om wêreldoorheersing tussen die VS en die USSR is beëindig met die VSA in die dominante posisie
- Die VS het beweer dat hulle 'n morele oorwinning behaal het aangesien kommunisme in die USSR oorwin is
- Die VS was gelukkig omdat dit die moontlikheid van nuwe handel- en politieke betrekkinge met Oosbloklande geopen het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3 *[Vergelyk hoe die geskrewe en die visuele bronne mekaar ondersteun V3 – LU2 (AS3)]*

- Beide bronne (1A en 1B) verwys na die disintegrasie van die Sowjetunie gelei
- Beide bronne (1A en 1B) verwys na die beëindiging van kommunisme in die USSR en Oosbloklande gelei (Bron 1B)
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4.1 *[Interpreteer en evalueer Bron 1B- V2 - LU1 (AS3)]*

**Kandidate kan noem dat die val van die Berlynse Muur beide die ANC en die Nasionale Party beïnvloed het om 'n politieke oplossing te verkry**

**(a) ANC**

- Die ANC is gedwing om afstand te doen van sy gewapende stryd as gevolg van 'n tekort aan fondse
- Die opleiding van ANC personeel in die Sowjetblok lande word beëindig
- Die ANC het besef dat die politieke landskap in Suid-Afrika verander het
- Die ANC het besef dat verandering in Suid-Afrika onvermydelik was
- Dat onderhandelings met die NP onvermydelik was
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

**(b) Nasionale Party**

- Die NP kon nie langer daarop aandring dat hy opgetree het as 'n 'skans (opgetree in verdediging) teen kommunisme'
- Hulle kon nie beweer dat Suid-Afrika 'Sowjet uitbreiding' gestuit het nie
- Die NP het besef dat die politieke landskap verander het
- Dat politieke verandering in Suid-Afrika onvermydelik was
- Dat 'n nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika onvermydelik was
- Onderhandelings met die vryheidsbewegings was onvermydelik
- Het ondersteuning van die Westerse moondhede verloor
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.4.2 *[Interpreteer en evalueer Bron 1B- V3 - LU1(AS3)]*

- Swartes wou volle politieke en ekonomiese regte bekom/ wit minderheid het 'n probleem gehad om mag aan swart meerderheid oor te gee
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 3) (3)

1.5

1.5.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS2); LU3 (AS2)]*

- Om 'n inklusiewe vreedsame politieke skikking in Suid-Afrika te bereik
- Om wit meerderheidsregering te beëindig terwyl wit belange beskerm word
- Om 'n demokratiese grondwet te vestig
- Om ekonomiese en politieke gelykheid onder alle Suid-Afrikaners te bevorder
- Om die onderhandelingsproses te beheer
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D– V2 –LU1 (AS3 en 4);LU2 (AS2); LU3 (AS2)]*

**(a) Die meerderheid swart Suid-Afrikaners**
- Hulle sou gelukkig wees want dit het die beëindiging van apartheid beteken
- Diskriminasie/ontmensliking van die meerderheid Suid-Afrikaners sou beëindig word
- Sou nou volle politieke en ekonomiese regte/vryheid geniet
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

**(b) Konserwatiewe wit Suid-Afrikaners**
- Ongelukkig want volgens hulle het De Klerk nie die mandaat gehad om Suid-Afrika se politieke landskap te hervorm nie
- Nie bereid om hulle ekonomiese voorregte en maatskaplike posisies te laat vaar nie
- Wit meerderwaardigheid is bedreig
- Staan De Klerk se hervormings teë
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.5.3 *[Verduidelik die bruikbaarheid van Bron 1D - V3 – LU1 (AS4)]*
**In die beantwoording van hierdie vraag moet kandidate toon dat die bron relevant is tot die ondersoek en betroubaar is deur die oorsprong en vlak van vooroordeel te ondersoek**

- Die bron toon dat FW De Klerk se toespraak 'n oomblik van waterskeiding in die geskiedenis van Suid-Afrika was
- Die Toespraak sou tot 'n onomkeerbare transformasie van die politieke landskap in Suid-Afrika lei
- Apartheid is beëindig
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5.4 *[Interpretasie en evaluasie van bewyse uit Bron 1D – V3 – LU1(AS3 en 4); LU2 (AS2); LU3 (AS2)*
**Kandidate kan of SAAMSTEM of NIE SAAMSTEM met Esterhuyse se siening nie en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun.**

**STEM SAAM**
- Lede van die ANC se nasionale uitvoerende komitee het verskillende sieninge gehad oor De Klerk se toespraak
- Walter Sisulu was geskok deur die teenstellende sienings oor De Klerk se toespraak in ANC-geledere
- Hulle ontvang geen vooraf kennis oor de Klerk se intensies nie
- Hulle was verras oor die spoed waarmee de Klerk verandering aangekondig het
- Die 'duiwe' soos Thabo Mbeki is aangemoedig
- Die 'arende' soos Chris Hani was agterdogtig
- Enige ander relevante antwoord

**NIE SAAMSTEM NIE**
- ANC was betrokke by geheime samesprekings met die NP voor 1990
- Die ANC het sukses verwag na die stryd om vryheid verwag
- Sommige politieke gevangenisse was alreeds vrygelaat
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle Bronne- V3 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

Kandidate kan die volgende punte gebruik om die vraag te beantwoord:

Kandidate moet verwys oor hoe Gorbachev se beleid ʼn uitwerking gehad op BEIDE die NP en die ANC om ʼn Vlak 3 te behaal

**Gevolge van Gorbachev se beleid op die Nasionale Party**

- Gorbachev se beleid van glasnost en perestroika het die weg gebaan vir die NP om te hervorm
- Daar was druk op die NP van die Westerse magte om in die rigting van 'n vreedsame skikking in Suid-Afrika te werk
- Na die val van die Berlynse Muur kon die apartheid regering nie aanspraak gemaak het daarop dat hulle opgetree het as 'n 'skans teen kommunisme' nie
- Suid-Afrika se aansprake dat hulle 'Sowjet uitbreiding' gestuit het, het Irrelevant geword
- Die apartheid regering moes 'n vreedsame en werkbare oplossing vind vir Suid-Afrika
- Enige ander relevante antwoord

**Gevolge van Gorbachev se beleid op die African National Congress**

- Die ANC kon nie langer staatmaak op die fondse van die USSR nie
- Opleiding van ANC-lede in die Sowjetunie is beëindig
- Dit het moeilik geword vir die ANC om te funksioneer as 'n beweging in ballingskap
- Daar was druk op die ANC van belangrike magte om in die rigting van 'n vreedsame skikking in Suid-Afrika te werk
- Die ANC het aangedui dat hulle ten gunste was van 'n skikkingsooreenkoms
- Die gewapende stryd sal slegs gebruik word as 'n laaste strooi en het aanvaarding by Westerse lande begin soek
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op elementêre wyse d.w.s. **toon min of geen begrip van die uitwerking van Gorbachev se beleid op beide die Nasionale Party en die African National Congress nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor ʼn onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie | **PUNTE: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van die uitwerking van Gorbachev se beleid op beide die Nasionale Party en die African National Congress.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier | **PUNTE: 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van die uitwerking van Gorbachev se beleid op beide die Nasionale Party en die African National Congress.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp | **PUNTE: 6–8** |

(8)

## 1.7 UITGEBREIDE SKRYFSTUK

1.7.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur die gebruik van analitiese en interpretasievaardighede - V1 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS

Kandidate moet verduidelik hoe die val van kommunisme Suid-Afrika beïnvloed het om politieke veranderinge in die 1990's te onderneem.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet verduidelik hoe die val van kommunisme die politieke toekoms van Suid-Afrika beïnvloed het en hoe dit die weg gebaan het vir onderhandelings.

UITBREIDING

- Gorbachev se hervormings: Glasnost en Perestroika en sy rol in die beëindiging van kommunisme
- Die demokratisering van die Sowjetblok lande en die val van die Berlynse Muur
- Die impak van politieke transformasie in Sowjetblok lande op die apartheid regering en die ANC
- De Klerk het die val van kommunisme gebruik as 'n geleentheid gebruik om hervormings te inisieer
- De Klerk is gedwing om met voorheen verbanne politieke organisasies te onderhandel
- De Klerk het 'n hervormingsproses onderneem
- Hef politieke partye ens. op
- Sy gewilligheid om samesprekings te voer is deur die ANC verwelkom ooreenkomstig sy beginsels
- Die ANC moes afstand doen van die gewapende stryd om die onderhandelingsproses te begin
- Het die weg geopen vir onderhandelings met die ANC wat gelei het tot die vrylating van politieke gevangenes en die opheffing van politieke partye
- Die USSR se ekonomiese stilstand beïnvloed politieke veranderings in Suid-Afrika tussen die NP en die ANC
- Die VSA se afstanddoening van ondersteuning aan die NP – affekteer Suid-Afrika se politieke toekoms
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante slot saamvat

(30)

**Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om hierdie skryfwerk te assesseer**

1.7.2 *[Sintetiseer inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer deur gebruik te maak van inligting uit die bronne en jou eie kennis om jou antwoord te ondersteun - V2 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS
Kandidate moet toon hoe politieke veranderinge in die Sowjetunie 'n diep uitwerking op die hervormingsproses in Suid-Afrika gehad het. Hulle moet aandui hoe die val van die Sowjetunie die Nasionale Party en die ANC geen ander alternatiewe gelaat het as om te onderhandel oor die politieke toekoms van Suid-Afrika nie.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate kan aandui waarom die ineenstorting van kommunisme die belangrikste faktor was wat gelei het tot die afskaffing van apartheid.

UITBREIDING
- Die ineenstorting van die Sowjetunie het bygedra tot die opkoms van demokrasie bewegings insluitende Suid-Afrika
- Suid-Afrika was nie langer betekenisvol in Koue Oorlog politiek nie
- Die beleid van Glasnost/Perestroika het die weg geopen vir die ANC en die NP om te hervorm (Verdwyning van Marxisties-Leninistiese state en die val van die Berlynse Muur het beide die ANC en die Nasionale Party geaffekteer; Gorbachev is ten gunste van 'n skikkingsooreenkoms)
- De Klerk is bewus van die implikasies van politieke veranderinge in Oos-Europa (Hy besef dat kommunisme verlore was in wêreldsake; Die het de Klerk oop gemaak vir onderhandelings; de Klerk se regering het die ANC se verlies aan ondersteuning as 'n geleentheid gesien om verandering te maak)
- Verbeterde betrekkinge tussen die VSA en die USSR het beteken dat die NP nie langer die Koue Oorlog kon gebruik om ondersteuning te wen van die Weste nie; Suid-Afrika se status as 'n anti-kommunistiese kampioen het sy aantrekkingskrag verloor)
- Die ANC kon nie langer steun op fondse van die USSR nie/ Dit raak moeilik vir die ANC om in ballingskap te funksioneer
- Daar was druk van belangrike magte op beide die Nasionale Party en die ANC om te werk in die rigting van 'n vreedsame skikking in Suid-Afrika (Die ANC het aangedui dat hulle ten gunste was vir 'n skikkingsooreenkoms (Die gewapende stryd sal slegs gebruik word as 'n laaste strooi en het aanvaarding by Westerse lande begin soek)
- Die ANC en die NP moes 'n vreedsame oplossing soek
- Die apartheid regering het die geleentheid gebruik om met die ANC te onderhandel omdat die Sowjetunie nie langer 'n bedreiging was nie
- Beide die NP en die ANC het kennis geneem van interne faktore (ekonomiese stilstand, onluste, finansiële krisis, Noodtoestande, ens.) om die land se toekoms te red
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante slot saamvat.

(30)
**[75]**

**Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om hierdie skryfwerk te assesseer**

**VRAAG 2: WATTER IMPAK HET DIE VAL VAN KOMMUNISME OP DIE HERVOORSTELLING VAN ANGOLA IN DIE 1990's GEHAD?**

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1- LU1 (AS3)]*
- Verenigde State van Amerika
- Sowjetunie (2 x 1) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1 – LU1 (AS3 en 4)*
- Meer as vierhonderd duisend oorlogslagoffers het gesterf as gevolg van die ineenstorting van voedselveiligheid en gesondheidsdienste
- 3 miljoen is ontwortel
- Baie meer is gewond
- Enige ander relevante antwoord (enige 3 x 1) (3)

2.1.3 *[Verduideliking van 'n konsep uit Bron 2A – V1 – LU2 (AS1)]*
- Gebaseer op Karl Marx se siening van kollektiewe, sosialistiese en kommunistiese praktyke vir 'n staat
- Karl Marx glo in ŉ klaslose gemeenskap
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie en evaluering van bewyse uit Bron 2A – V3 –LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS2); LU3 (AS2)]*
- Hulle het mekaar wantrou/was agterdogtig oor mekaar
- Hulle was nie bereid om met mekaar te onderhandel nie/ geweier om ŉ kompromis aan te gaan
- Magstryd tussen hulle omdat hulle begeer het om algehele kontrole oor Angola te verkry
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2 –LU1 (AS3 en 4)*
- Ingestem tot verkiesing
- Savimbi verloor die verkiesing en verwerp die verkiesingsuitslae
- UNITA hervat die oorlog
- Angola is polities onstabiel as gevolg van die magstryd tussen Dos Santos en Savimbi
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2

2.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2 –LU1 (AS3 en 4); LU3 (AS2)]*
- Angola het baie landmyn slagoffers
- Baie Angolese het 'n ledemaat wat geamputeer is
- Angolese begeer vrede
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2.2 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2B – V3 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS2); LU3 (AS2 en 3)]*
- Angolese was moeg vir die oorlog omdat dit hulle lewens beïnvloed het
- Angolese wou 'n einde van die oorlog hê
- Angolese begeer vrede en stabiliteit
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3
2.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2 –LU1 (AS3 en 4); LU3 (AS2)]*
- Rekonstruksie van brûe, strate, hospitale, skole en ander infrastruktuur
- Verseker toegang tot lopende water en ander dienste
- Herbou rioolwater suiweringswerke
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C - V2 – LU1(AS4)*
- Baie afval want alle sisteme het tot stilstand gekom gedurende die oorlog
- Ongesonde/ swak lewensomstandighede na jare van nie insameling van vuilgoed
- Die infrastruktuur is vernietig soos brûe, paaie, hospitale, ens
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2 – LU1 (AS4)]*
**Kandidate kan of SAAMSTEM of NIE SAAMSTEM NIE dat die visuele bron 'n regverdige uitbeelding gee van Angola se hervoorstelling en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun.**

**STEM SAAM:**
- Tydelike planne is gemaak om die paaie te gebruik/ nuwe brug is gebou
- Die herbou van brûe soos uitgebeeld in die visuele bron
- Toon dat die regering betrokke is in die herbou van die infrastruktuur
- Enige ander relevante antwoord

**STEM NIE SAAM NIE:**
- Die fotograaf kon bevooroordeeld wees/ regeringspropaganda
- Dit dui net op een van aspek van die herbou proses
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3.4 *[Vergelyk die geskrewe en die visuele bronne in Bron 2C - V3 – LU2 (AS3)]*
- Albei bronne verwys na die stukkende infrastruktuur/brûe
- Albei bronne dui die uitwerking aan wat die burgeroorlog op Angola gehad het
- Albei bronne verwys na die herstrukturering van Angola
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle Bronne- V3 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

Kandidate moet op die volgende aspekte fokus:

**Kandidate moet een bron (2A, 2B of 2C) kies om die bruikbaarheid te verduidelik: In die beantwoording van hierdie vraag moet kandidate toon dat die bron relevant is tot die ondersoek en betroubaar is deur die oorsprong en vlak van vooroordeel te ondersoek.**

**BRON 2A is bruikbaar omdat:**
- Dit gee inligting oor hoe die twee vyande Jonas Savimbi en Dos Santos baklei het om algehele beheer oor Angola te verkry
- Voorsien statistiese inligting oor die sterftes van Angolese/duur van die oorlog
- Dit gee inligting oor die magstryd tussen Savimbi en Dos Santos
- Die inligting in die bron bevestig wat ander bronne staaf oor die oorlog in Angola
- Enige ander relevante antwoord

**BRON 2B is bruikbaar omdat:**
- Dit beeld die Angolese se begeerte vir vrede uit
- Dit beeld die verwoesting uit wat die burgeroorlog op gewone Angolese gehad het
- Dit beeld die uitwerking wat landmyne gehad het deur mense met afgesitte ledemate te wys
- Dit is geteken ten tye van die burgeroorlog in Angola
- Die visuele elemente in die spotprent bevestig die gruweldade van die burgeroorlog in Angola
- Enige ander relevante antwoord

**BRON 2C is bruikbaar omdat:**
- Gee inligting oor die uitkoms van navorsing wat in Angola gedoen is oor die uitwerking van die burgeroorlog
- Voorsien statistiese inligting oor die gebrek aan lopende water en toilette
- Gee bewyse van die uitwerking van die oorlog
- Die geskrewe bron gee inligting oor Angola en hoe hy homself kan hervoorstel
- Die foto toon die hervoorstelling van Angola
- Dit gee bewyse van die uitkoms van die navorsing in Angola oor die effek van die burgeroorlog
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op elementêre wyse d.w.s. **toon min of geen begrip van die bruikbaarheid van hierdie bronne vir 'n geskiedkundige wat oor die uitwerking van die burgeroorlog in Angola skryf.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor 'n onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie | **PUNTE: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van die bruikbaarheid van hierdie bronne vir 'n geskiedkundige wat oor die uitwerking van die burgeroorlog in Angola skryf.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier | **PUNTE: 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van die bruikbaarheid van hierdie bronne vir 'n geskiedkundige wat oor die uitwerking van die burgeroorlog in Angola skryf.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp | **PUNTE: 6–8** |

(8)

## 2.5 UITGEBREIDE SKRYFSTUK

2.5.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur die gebruik van analitiese en interpretasievaardighede - V1 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik hoe Angola homself hervoorstel het na die ineenstorting van kommunisme in 1989 en hulle gedagterigting ondersteun met relevante bewyse. Kandidate moet aanhoudend verwys na die rol van die val van kommunisme op die hervoorstelling.

HOOFASPEKTE
Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit.

- Inleiding: Kandidate moet hulle gedagtering aandui en staaf hoe hulle dit gaan ondersteun en verduidelik hoe Angola 'n pion in die Koue Oorlog geword het.

UITBREIDING
- Beëindiging van die Koue Oorlog en die val van kommunisme in 1989
- Angola was nou vry van buitelandse invloed en kon homself hervoorstel en oor sy eie toekoms onderhandel sonder buitelandse invloed (In Junie 1989 het Savimbi van UNITA en Dos Santos van die MPLA vir die eerste keer ontmoet)
- Die Bicesse Accord is onderteken op 31 Mei 1991 deur Dos Santos en Savimbi wat tot tydelike vrede gelei het en die verligting in vyandigheid
- Die 1992 verkiesing – Dos Santos se MPLA was die oorwinnaars
- Savimbi verwerp die verkiesingsuitslae
- UNITA hervat die bosoorlog wat dan lei tot die hervatting van die Angolese burgeroorlog
- In 1994 word die Lusaka Accord onderteken, maar was onsuksesvol
- Oorlog word weer 1998 hervat omdat UNITA ontevrede was
- VN lê sanksies op UNITA deur amptenare te verban van internasionale reise, verbod op vliegtuie na UNITA beheerde areas en die sluiting van oorsese UNITA kantore
- Dood van Savimbi in Februarie 2002 – skep nuwe moontlikhede vir vrede in Angola; 'n skietstaking tree in werking in Maart 2002
- Luena Memorandum in April 2002 bring vrede in Angola – 13 jaar na die ineenstorting van kommunisme in 1989
- Angola kan homself nou herstruktureer na 30 jaar van burgeroorlog
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante slot saamvat.

(30)

**Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om hierdie skryfwerk te assesseer**

2.6.2 *[Sintetiseer inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer deur gebruik te maak van inligting uit die bronne en jou eie kennis om jou antwoord te ondersteun - V2 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS

Kandidate moet krities bespreek hoe Savimbi se dood die aanbreek van genesing en verligting vir die getraumatiseerde Angolese gebring het en hulle gedagterigting met relevante inligting ondersteun.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet hulle gedagterigting staaf en aandui hoe hulle, hulle argument gaan ondersteun.

UITBREIDING

**In die beantwoording van die vraag moet kandidate kortliks verwys na die agtergrond oor Angola voor Savimbi se dood**

- Magstryd tussen Dos Santos en Savimbi
- Die Bicesse Accord is onderteken op 31 Mei 1991 deur Dos Santos en Savimbi wat tot tydelike vrede en die verligting van vyandigheid gelei het
- Die 1992 verkiesing – Dos Santos se MPLA was die oorwinnaars
- Savimbi verwerp die verkiesingsuitslae
- UNITA hervat die bosoorlog
- In 1994 is die Lusaka Accord onderteken, maar was onsuksesvol
- Oorlog word hervat in 1998 omdat UNITA ontevrede was
- Dood van Savimbi in 2002 bring 'n einde aan die burgeroorlog in Angola
- Savimbi se dood bring politieke stabiliteit
- Nuwe era in die geskiedenis van Angola kom na die dood van Savimbi deur die Luena Memorandum
- Baie oorlogslagoffers, ander is doodgemaak en baie ander is ontwortel
- Verwoesting veroorsaak deur landmyne
- Skade aan infrastruktuur bv. Brûe, paaie, skole ens
- Angola begin stadig hervoorstel
- Angola begin om brûe, paaie en ander infrastruktuur te herbou
- Angola se ryk bronne bv. diamante, olie
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante slot saamvat.

(30)
**[75]**

**Indien kandidate nie saamstem met die stelling nie, moet hulle, hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun**.

**Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om hierdie skryfwerk te assesseer**

**VRAAG 3: HOE HET DIE ONDERHANDELINGSPROSES TUSSEN DIE VERSKILLENDE POLITIEKE ORGANISASIES IN 1994 DIE WEG GEBAAN VIR SUID-AFRIKA SE EERSTE DEMOKRATIESE VERKIESING?**

3.1

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1 – LU1 (AS3)]*
- Die NP se eie mislukking is nou openlik erken
- De Klerk besluit om politieke partye op te hef en Mandela vry te laat
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V1 – LU1 (AS3)]*
- Lei tot die opheffing van die ANC, CPSA en PAC
- Skraap van die Wet op Afsonderlike Geriewe
- Media beperkings
- Opskorting van die doodstraf
- Vrylating van Nelson Mandela en ander politieke gevangenes
- Beëindiging van apartheid
- Opheffing van nood beperkings (enige 2 x 1) (2)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2 – LU1 (AS3)]*
- Om geweld, spanning en konflik te voorkom
- Om die karakter van Suid-Afrika te hervorm
- De Klerk was onder druk om te verander
- Die NP kon nie langer aanhou om as minderheid te regeer nie
- Moreel verkeerd vir die minderheid om te regeer
- Plaaslike en internasionale druk
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2 – LU1 (AS3)]*

**Tutu**
- Verbaas
- Geskok/ongeloof
- Gelukkig
- Enige ander relevante antwoord

**Andries Treurnicht**
- Geskok
- Verontwaardig/kwaad
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 1) (2)

3.1.5 *[Interpretasie en analise van 'n visuele bron uit Bron 3A – V2 – LU1 (AS3 en 4)]*
- Beeld die vrylating van Nelson Mandela/ swart Suid-Afrikaners uit
- Die NP het uiteindelik afstand gedoen van wit regering
- Suid-Afrika was blootgestel aan belangrike politieke veranderings
- Ironie van wit Suid-Afrikaners wat groothartig/grootmoedig in die bevryding van swart Suid-Afrikaners
- Die kontras in grootte tussen swart Suid-Afrikaners en wit Suid-Afrikaners
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.6 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2 – LU1 (AS3)]*
- De Klerk (wit regering) verkry volle krediet vir die vrylating van Mandela
- Ten spyte van teenkanting vir Mandela/ swart Suid-Afrikaners se vrylating het De Klerk tog die dapper stap geneem en hom vrygelaat
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.1.7 *[Vergelyking van bewyse uit Bronne 3A –Geskrewe en Visuele Bronne – V3 – LU3 (AS4)]*
**Kandidate moet identifiseer hoe die geskrewe bron en die visuele bron mekaar ondersteun**
- Albei bronne noem die vrylating van Nelson Mandela
- Albei bronne lig die nodigheid toe vir die wit minderheidsregering om te begin onderhandel met die swart meerderheid
- Albei bronne reflekteer De Klerk se dapperheid (wit regering)
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2
3.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2 – LU1 (AS3)]*
- Om struikelblokke tot onderhandelings te identifiseer
- Om die struikelblokke tot onderhandelings te oorkom
- Om die weg te baan vir onderhandelings
- Dit was die president se woning
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V3 – LU1 (AS3)]*
- Dit was die eerste vergadering van beide die NP en die ANC
- Beide het nie geweet wat om te verwag nie
- Beide het na die vergadering gekom met hulle eie ideale
- Beide moes hulle eie belange beskerm
- Beide partye het nie geweet hoe die onderhandelings sou ontvou nie
- Lang geskiedenis van 'n bitter verhouding
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2 – LU1 (AS3)]*
- Om vrese in die wit gemeenskap te verlig
- Wou die belange van die wit minderheid beskerm
- Wou beheer uitoefen oor die oorgangproses en hoe die toekoms van Suid-Afrika beheer moes word
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V3 – LU1 (AS3)]*
**Kandidate kan of sê dat die koerant die stellig BEVESTIG of NIE BEVESTIG NIE en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun.**

**BEVESTIG**
- Die Pretoria Vergadering het tot verdere kompromis en onderhandelings gelei wat die weg gebaan het vir verdere samesprekings
- Die Pretoria Vergadering het die NP regering gelei om die veiligheidsregulasies te hersien en die noodtoestand in Natal op te hef
- Die afgevaardigdes het tot die slotsom gekom dat die Pretoria vergadering 'n mylpaal op die weg na ware vrede en voorspoed vir Suid-Afrika was
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3
3.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2 – LU1 (AS3)]*
- Negatief
- Wou KODESA vernietig
- Vorm 'n gesamentlike offensief met die KP en die HNP om KODESA teen te staan
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2 – LU1 (AS3)]*
- KODESA het die weg gebaan vir 'n demokratiese Suid-Afrika
- KODESA het die einde van wit minderheidsregering beteken
- Swart meerderheidsregering sou in Suid-Afrika gevestig word
- Vrees groot veranderinge aan hulle lewensstyl
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.3.3 *[Evaluering en interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2 – LU1 (AS3)]*

**Kandidate kan of SAAMSTEM of NIE SAAMSTEM NIE met die stelling en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun.**

**SAAMSTEM**
- By KODESA 1 het die regses die Wêreld handelsentrum ingeval
- Die regses het KODESA openlik teengestaan
- Die regses was nie ten gunste van meerderheidsregering nie
- Enige ander relevante antwoord

**NIE SAAMSTEM NIE**
- Nie 'n werklike mag om mee rekening te hou nie
- Het nie die militêre ondersteuning gehad om die onderhandelingsproses te ontspoor nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 3) (3)

3.4 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle Bronne- V3 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

**Kandidate moet na BEIDE die Grootte Schuur Minuut en die Pretoria-minuut verwys om 'n Vlak 3 te behaal**

**Groote Schuur-minuut**
- 'n Breë ooreenkoms is bereik
- Finale ooreenkoms is bereik in sake oor die vrylating van politieke gevangenes en die terugkeer van politieke bannelinge
- Die NP stem in om die veiligheidswetgewing te hersien en die Noodtoestand te beëindig
- Enige ander relevante antwoord

**Pretoria-minuut**
- Dit het die weg gebaan tot onderhandelings oor 'n nuwe grondwet
- Dit het die weg gebaan vir ondersoekings samesprekings tussen verskillende politieke rolspelers
- Het die toon aangegee vir verdere samesprekings
- Onderhandelings kon aangaan
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op elementêre wyse d.w.s. **toon min of geen begrip van die betekenis van beide die Groote Schuur Minuut en die Pretoria Minuut in die proses van onderhandelings.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor 'n onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie | **PUNTE: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van die betekenis van beide die Groote Schuur Minuut en die Pretoria Minuut in die proses van onderhandelings.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier | **PUNTE: 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van die betekenis van beide die Groote Schuur Minuut en die Pretoria Minuut in die proses van onderhandelings.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp | **PUNTE: 6–8** |

(8)

## 3.5 UITGEBREIDE SKRYFSTUK

3.5.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur die gebruik van analitiese en interpretasievaardighede - V1 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS

Kandidate kan verduidelik tot watter mate die onderhandelingsproses tussen die verskillende politieke organisasies die weg gebaan het vir Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing in 1994.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet op die belangrikheid van Suid-Afrika se onderhandelingsproses in die daarstelling van 'n demokratiese staat in 1994 fokus.

UITBREIDING

- Betekenisvolheid van De Klerk se toespraak
- Vrylating van Mandela
- Onderhandelingsproses en verandering
- Samesprekings tussen hoof rolspelers begin in 1990
- Groote Schuur Minuut
- Pretoria Minuut
- Geweld in Boipatong, Natal en die Vaal Driehoek
- Cosag Groep en Vryheids alliansie
- Die rol en betekenis van KODESA 1
- Referendum
- Die rol en betekenis van KODESA 2
- Boikot deur PAC , AZAPO ens
- Bhisho slagting – impak op onderhandelings
- Sluipmoord op Chris Hani – impak op onderhandelings
- AWB storm die Wêreld handelsentrum - gevolge
- Bophuthatswana staatsgreep - gevolge
- Rol van Rekord van Verstandhouding
- Sonsondergangsklousule en die Veelpartyonderhandelingsforum
- 1994 verkiesing
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante slot saamvat

(30)

**Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om hierdie skryfwerk te assesseer**

3.5.2 *[Sintetiseer inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer deur gebruik te maak van inligting uit die bronne en jou eie kennis om jou antwoord te ondersteun - V2 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS

Kandidate moet die geldigheid van De Klerk se 2 Februarie 1990 toespraak as die merkwaardigste dag in die geskiedenis van wit minderheidsregering assesseer. Hulle moet hulle gedagterigting met relevante bewyse ondersteun.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet die stelling assesseer en aandui hoe hulle beoog om hulle argument te ondersteun.

UITBREIDING

- De Klerk se aankondiging het die maatskaplike, ekonomiese en politieke landskap van Suid-Afrika verander - Was gewillig om met enige politieke party te onderhandel om Suid-Afrika 'n demokrasie te maak
- De Klerk het die vrylating van politieke gevangenes en Mandela aangekondig
- Regsgesinde groepe het die politieke rigting wat deur De Klerk ingeneem is, teëgestaan/regsgesindes was bereid om geweld te gebruik om hulle politieke belange te beskerm
- Nasionale Party en African National Congress begin in Maart 1990 met 'samesprekings op samesprekings'
- Pretoria Minuut en Groote Schuur Minuut het die weg gebaan
- In September 1991 het KODESA 1 begin - 26 Politieke organisasies het die Veelparty Onderhandelingsproses begin
- Nasionale Vredes Ooreenkoms word onderteken
- Referendum
- KODESA 2 het in Mei 1992 ontmoet en dy betekenis
- Rol van die rekord van Verstandhouding
- Sonsondergangsklousule en Veelpartyonderhandelingsforum
- Verkiesingsdatum word bepaal: 27 April 1994
- Vrese van 'n burgeroorlog en geweld het nie gebeur nie
- Suid-Afrikaners het mekaar gevind terwyl hulle gewag het om te stem
- Almal het dieselfde besorgdheid en aspirasies gehad ten spyte van verskille
- Mandela is die eerste swart President van 'n demokratiese Suid-Afrika
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante slot saamvat

(30)

**Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om hierdie skryfwerk te assesseer.**

**[75]**

**VRAAG 4: WATTER ROL HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) GESPEEL OM SUID-AFRIKA SE VERDEELDE VERLEDE TE GENEES?**

4.1
4.1.1 *[Verduideliking van konsep uit Bron 4A – V1 – LU2 (AS1)]*

- Amptelike of algemene kwytskelding/ vergifnis op die voorwaarde dat volle onthullings gemaak is voor die WVK van polities gemotiveerde menseregteskendings
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

4.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4A – V2- LU1 (AS3)]*

- Die daad waarvoor amnestie verlang is, moes tussen 1960 en 1994 plaasgevind het
- Die daad moes polities gemotiveerd gewees het
- Aansoekers moes volle onthullings gemaak het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

4.1.3 *[Interpretasie en evaluasie van die betroubaarheid van Bron 4A – V3 –LU1 (AS3 en 4)]*

**Kandidate kan of JA of NEE kies en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun**

**JA**:

- Indien hulle aan die vereistes voldoen het is amnestie aan hulle gewaarborg
- Hulle sou vervolging vermy oor gruweldade wat gepleeg is
- Enige ander relevante antwoord

**NEE:**

- Hulle dade was geheime en onbekend en hulle sou nie uitkom en openlik erken nie
- Publieke erkennings kon 'n verleentheid vir hulle wees en die apartheid Staat/ bevrydingsbewegings ondermyn
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 3) (3)

4.2
4.2.1 *[Analise en interpretasie van bewyse uit Bron 4B – V2 –LU1 (AS3 en 4); LU3 (AS2)]*

- Daar was geen nasionale konsensus nie/ afwesigheid van nasionale konsensus
- Dit is nie deur alle Suid-Afrikaners aanvaar nie/ groot gapings in ons gemeenskap
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

4.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4B – V2 – LU1 (AS3); LU3 (AS2)]*

- Haat en vyandigheid van die verlede sou weggaan/ genees die wonde van die verlede
- Dit sou die respek (selfagting) van die Suid-Afrikaanse nasie herstel
- Dit sou 'n skulderkenning wees dat iets verkeerd gedoen is
- Om versoening/eenheid teweeg te bring
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

4.3

4.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 4C – V1- LU1 (AS3)]*

- Die gelykstelling van die stryd teen apartheid met diegene wat dit afgedwing het ten spyte van die feit dat apartheid 'n misdaad teen die mensdom deur die VN verklaar is
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 1) (1)

4.3.2 *[Evalueer die bewyse in perspektief 1 uit Bron 4C om vooroordeel te bespeur – V3 – LU1 (AS3); LU3 (AS2)]*

- Geskryf uit die ANC se standpunt
- Mathew Phosa was 'n lid van die ANC en 'n ANC premier
- Daar is geen standpunte van ander politieke partye ingesluit nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 3) (3)

4.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4C – V2 –LU1 (AS3 en 4);LU3 (AS2)]*
**Kandidate moet aandui of Hartzenberg se siening REGVERDIG of ONREGVERDIG is en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun. In die beantwoording van hierdie vraag moet kandidate toon dat die bron relevant is tot die ondersoek en betroubaar is deur die oorsprong en vlak van vooroordeel te ondersoek.**

**REGVERDIG:**

- Twee regsgesinde politieke gevangenes J du Plessis en J v Wyk is nie amnestie toegestaan nie al het hulle gekwalifiseer
- Hartzenberg beskou die WVK as 'n heksejag teen Afrikaners
- Hartzenberg beskou die WVK as bevooroordeeld teenoor Afrikaners
- Enige ander relevante antwoord

**ONREGVERDIG:**

- Hy was bevooroordeeld teenoor die WVK
- Aansoeke vir amnestie was nie 'n waarborg dat dit sou toegestaan word nie
- Sommige Afrikaners was amnestie toegestaan
- Die WVK het na alle politieke organisasies gekyk wat vir amnestie aansoek gedoen het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

4.3.4 *[Vergelyk uittreksels 1 en 2 uit Bron 4C om die ooreenkomste te evalueer – V3 – LU2 (AS3)]*

- Albei Uittreksels 1 & 2 blameer die WVK, alhoewel oor verskillende redes
- Albei Uittreksels 1 & 2 lig die idee toe dat die WVK kontroversieel was
- Albei Uittreksels 1 & 2 is vir verskillende redes bevooroordeeld teenoor die WVK
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 X 2) (4)

4.4

4.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4D – V2 –LU1 (AS3 en 4);LU3 (AS2)]*

- **Mandela** was nie tevrede met die WVK verslag nie omdat dit nie sy voorgenome doelwitte bereik het nie (WVK was kontroversieel)/ onvoltooide werk van die WVK
- **Tutu** lyk verras omdat Mandela nie gelukkig lyk met die WVK verslag nie
- **Tutu** het van Mandela verwag om die verslag onvoorwaardelik te aanvaar
- Mandela was geskok met die aaklige waarheid deur die vis voorgestel
- Beide Tutu en Mandela het versoening verwag gepaardgaande met die waarheid
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 X 2) (4)

4.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4D – V2 –LU1 (AS3 en 4);LU3 (AS2)]*

- Die WVK het nie sy voorgenome doelwitte bereik nie
- Die waarheid wat onthul is was lelik, pynlik sonder versoening
- Die WVK verslag het nie getoon dat versoening bereik is nie
- Die WVK was 'n mislukking en het nie noodwendig sy mandaat vervul nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

4.4.3 *[Interpretasie en evaluering van vooroordeel in die spotprent (Bron 4D) – V3 –LU1 (AS3 en 4); LU3 (AS2)]*

**Kandidate moet of BEVOOROORDEELD tot 'n groot mate of NIE BEVOOROORDEELD in 'n mindere mate kies en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun.**
**In die beantwoording van hierdie vraag moet kandidate toon dat die bron relevant is tot die ondersoek en betroubaar is deur die oorsprong en vlak van vooroordeel te ondersoek.**

**BEVOOROORDEELD TOT 'n GROOT MATE :**
- Beeld die WVK uit as 'n mislukking
- Die WVK het lelike en pynlike waarheid opgediep en het nie versoening en nasiebou verwesenlik nie
- Mandela is nie gelukkig met die finale verslag van die WVK nie
- Enige ander relevante antwoord

**NIE BEVOOROORDEELD IN 'n MINDERE MATE:**
- Die WVK het baie uitdagings in die gesig gestaar
- Die WVK het nie versoening bereik nie
- Die WVK het nie genesing en nasiebou teweeggebring nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

4.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle Bronne- V3 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

- Een van die doelwitte van die WVK was om amnestie toe te staan aan diegene wat skuldig was aan menseregte-oortredings – ter wille van versoening
- Voorwaardes vir die toestaan van amnestie: Aansoeke vir dade gepleeg in die bepaalde tydperk (1960 en 1994); Oortredings begaan moes polities gemotiveerd wees; Aansoekers moes volle onthullings maak
- Dit het nie soos 'n geregshof gefunksioneer nie
- Fokus was om die waarheid uit te bring deur openbare erkentenis en nie deur regspraak nie
- Voorsien 'n platform vir oortreders om gruweldade te onthul sodat hulle vry kon wees van skuldgedagtes
- Die Komitee moes oortreders van die vryheidstryd bewegings en die apartheidsregering dieselfde behandel
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op elementêre wyse d.w.s. **toon min of geen begrip van die rol van die amnestie komitee gedurende die WVK proses.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor 'n onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie | **PUNTE: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van die rol van die amnestie komitee gedurende die WVK proses.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier | **PUNTE: 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van die rol van die amnestie komitee gedurende die WVK proses.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp | **PUNTE: 6–8** |

(8)

4.6 **UITGEBREIDE SKRYFSTUK**

4.6.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur die gebruik van analitiese en interpretasievaardighede - V1 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS
Kandidate moet bespreek tot watter mate die WVK suksesvol was in die versoening van Suid-Afrika uit sy verdeelde verlede

HOOFASPEKTE
Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit.

- Inleiding: Kandidate moet aandui tot watter mate die WVK suksesvol was in die versoening van Suid-Afrika uit sy verdeelde verlede

UITBREIDING
**SUKSESVOL TOT 'N GROOT MATE**
- Doelwitte van die WVK: ondersoek die oorsake en mate van menseregteskendings onder apartheid; aanbevole vergoeding aan slagoffers en om amnestie toe te staan aan diegene wat skuldig was aan menseregte oortredings onder vasgestelde voorwaardes
- Die WVK het gehoop dat die waarheid vertel word en om nasionale versoening deur sy drie komitees te bevorder. Komitee vir Menseregteskendings; Komitee vir Vergoeding en Rehabilitasie; Komitee vir Amnestie – om amnestie toe te staan aan oortreders van growwe menseregteskendings, indien hulle aan die voorwaardes voldoen – volle onthullings maak oor wat presies gebeur het met hulle polities gemotiveerde menseregte misbruike wat tussen 1960 en 1994 gebeur het.
- WVK beweeg regoor Suid-Afrika en luister na stories van beide slagoffers en oortreders; Nasionale eenheid is bevorder deur verhore in Oos-Londen, Queenstown, Nelspruit ens; beide kante van die konflik het gekom om te getuig eg, aktiviste van die vryheidsbeweging en lede van die apartheidsregering en veiligheidsagentskap
- Om na die getuienisse van oortreders te luister het slagoffers gehelp om te versoen en genesing te bring bv. Mev Calata in Oos-Londen; Baie onverantwoordbare slagoffers is geïdentifiseer, grafte is uitgewys en liggame is opgegrawe en aan die familie gegee om herbegrawe te word bv. Jabulani Ndaba, Oscar Maleka, Reginald Kekana, die Mamelodi 10 ens.
- Vergoeding is aan families van slagoffers betaal bv. R30 000 eenmalige betaling van 'n individuele toelaag, R15 000 eenmalige toelaag vir herbegrawe ens.
- Enige ander relevante antwoord

**NIE SUKSESVOL NIE TOT 'N MINDERE MATE**
- Lede van die ou regime bv. Eugene de Kock, Adriaan Vlok en Dirk Coetzee het na vore gekom om vir amnestie aansoek te doen, maar het gekla dat hulle deur hulle leiers uitverkoop is. (Vlok en Coetzee het amnestie verkry)
- Amnestie het daartoe gelei dat oortreders gewillig was om te getuig (Slegs nadat eertydse veiligheidsmagte verskyn het of getuig het, het ander uit vrees na vore gekom/ De Kock se getuienis het baie ander aangemoedig om aansoek te doen, maar hyself het nie amnestie verkry nie)

- Die Konserwatiewe Party sien die WVK se voorneme as 'n manier om die Afrikaners te vernietig (hulle lede wat aansoek gedoen het, het nie amnestie verkry nie)
- SADF lede het nie met die Kommissie saamgewerk nie
- Sommige oortreders bv. P.W. Botha het geweier om bewyse te lewer; FW de Klerk het regstappe geneem om te verhoed dat 'n paragraaf wat hom impliseer in 'derde mag' aktiwiteite gepubliseer word
- Die Biko, Hani en Mxenge families en Azapo het nie die proses wat deur die WVK aangeneem is, ondersteun nie – sonder regspraak
- Late betalings van vergoeding
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante slot saamvat.

(30)

**Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om hierdie skryfwerk te assesseer**

4.6.2 *[Sintetiseer inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer deur gebruik te maak van inligting uit die bronne en jou eie kennis om jou antwoord te ondersteun - V2 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS

Kandidate moet aandui of die stelling akkuraat is of nie. Indien hulle saamstem, moet kandidate bewyse voorsien wat toon hoe oortreders moed tekortgeskiet het om die waarheid uit te bring. Indien hulle nie saamstem nie, moet hulle, hulle gedagterigting ondersteun.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet hulle standpunt aandui.

UITBREIDING

**STEM SAAM**

- Die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoeningswet – het voorwaardes neergelê vir die verkryging van amnestie (dade wat plaasgevind het tussen 1960 en 1994/ polities gemotiveerd/ volle erkenning)
- Sommige oortreders bv. P.W. Botha het geweier om bewyse te lewer; FW de Klerk het regstappe geneem om te verhoed dat 'n paragraaf wat hom impliseer in 'derde mag' aktiwiteite gepubliseer word; Konserwatiewe Party beskou die WVK as 'n heksejag vir Afrikaners
- Aansoekers vir amnestie het nie vrywillig na vore gekom nie, hulle het hulleself beskikbaar gestel indien hulle geïmpliseer is bv. Dirk Coetzee, nadat deur Almond Nofemela geïmpliseer is dat hy Griffiths Mxenge doodgemaak het
- Algemene amnestie is verkies deur lede van die vorige regering en die veiligheidsmagte
- Bevrydingsbewegings was nie gewillig om aansoek te doen vir amnestie vir geldige dade teen apartheid; ANC het voor die WVK verskyn, maar het onsuksesvol probeer om die publikasie van die hele verslag te voorkom
- Moeilik om versoening te bereik
- Enige ander relevante antwoord

**STEM NIE SAAM NIE**

- Twee regsgesinde politieke gevangenes J du Plessis en J v Wyk is nie amnestie toegestaan nie al het hulle gekwalifiseer
- Lede van die ou regime bv. Eugene de Kock, Adriaan Vlok en Dirk Coetzee kom na vore om vir amnestie aansoek te doen (Vlok en Coetzee verkry amnestie)
- Konserwatiewe Party beskou die WVK as 'n heksejag teen Afrikaners
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante slot saamvat.

(30)

**Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om hierdie skryfwerk te assesseer.** **[75]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou